

29 September

Skrifgedeelte: Esegïel 44:15-19

Fokusgedeelte: NGB, Art 21

Sweet soos bloeddruppels

Sweet en brood is na die sondeval onvermydelike stalmaats (Gen 3:17-19 [OAV]). Wie nie werk nie sal nie eet nie (2 Tess 3:10). Oorlewing op aarde beteken wanhopig sweet en worstel deur harde werksdae, kommergevulde nagte, siekte, koors en sterfbed.

'n Beker bring gewoonlik lafenis, maar nie in Getsemane nie. Getsemane se beker is vol met God se straf. Wanneer Jesus hierdie beker aanvaar, sweet Hy (Luk 22:44b). Hy sweet omdat Hy die volle vloek wat op die aarde rus op Hom neem. Al die moeite, swaarkry en sweet van alle mense wat ooit sou lewe word in Getsemane sy eie. Dit stroom van Hom af soos bloeddruppels.

Tog, as Esegïel profeties vooruitkyk op 'n nuwe Jerusalem en tempel (Eseg 40-48), sien hy priesters in God se teenwoordigheid wat niks dra "wat hulle laat sweet nie" (Eseg 44:18). Hulle dra gewyde, koel linneklere as die vrug van Christus se lyding. Sy sweet het die vloek van die aarde afgewas.

Dit sê iets vir jou dagtaak vandag. Jou sweet gaan om meer as brood. Jou inspanning kan 'n inspanning wees om dit wat Christus aan die kruis verdien het dankbaar in besit te neem en uit te deel. Die Bybel verwys hierna as die inspanning van geloof (1 Tim 6:12) en liefde (1 Tess 1:3). Dié soort inspanning staan nie meer onder die vloek van die sondeval nie, maar onder die seën van die kruis. Volhard met daarmee totdat God uiteindelik die vuil oorpakke van hierdie wêreld omruil vir rein hemelse linneklere (Open 19:8 [OAV]).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~